

# J O S E F



Deur God gebruik om sy volk van  
ondergang te red

Dr JP Botha

Desember 2011

## Inhoudsopgawe

Ek is die klikbek	3
Hulle het my gehaat	4
Ek word 'n slaaf	9
In die tronk	17
Die skinker en die bakker se drome	19
Farao se drome	22
Ek regeer in Egipte	28
My broers kom koring koop	32
Hulle kom weer koring koop	39
My silwerbeker	44
Juda se pleitrede	48
Ek maak myself bekend	50
Farao nooi Jakob na Egipte	54
My regering se optrede	
tydens die hongersnood	58
Jakob wil nie in Egipte begrawe word nie	60
Jakob seën Manasse en Efraim	61
Jakob se dood en begrafnis	64
Ek stel my broers gerus	65

## EK IS DIE KLIKBEK

Ek is Josef. Ek wil hê dat julle wat hierdie boek gaan lees waarin ek my lewensverhaal wil vertel, van die begin af moet weet met watter Josef julle hier gaan kennis maak, want toe ek as jong seun op my pa se plaas, daar in Hebron groot geword het, het my liewe broers my aanhoudend uitgeskel vir 'n lae en gemene "Klikbek", as ek vir my pa Jakob vertel van die baie lelike dinge wat hulle agter sy rug aangevang het.

Hierdie broers van my - ons was twaalf in getal - was almal seuns van my liewe vader Jakob, maar ons was vier vroue se kinders: Die seuns van Lea was Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon. Die seuns van Ragel was ek (Josef) en Benjamin. Die seuns van Bilha (Ragel se slavin) was Dan en Naftali. Die seuns van Silpa (Lea se slavin) was Gad en Aser.

## HULLE HET MY GEHAAT

Toe ek nog 'n jong seun in die huis van my vader Jakob was, het hy baie rondgetrek. Op 'n sekere tydstip het hy Bet-El verlaat op pad na Efrata (Betlehem). My moeder Ragel was swanger. Voor my pa sy bestemming met sy groot gesin kon bereik, het moeder Ragel geboorte geskenk aan my broer Benjamin. Dit was 'n baie moeilike bevalling, waartydens sy gesterf het. Daarmee het vader Jakob vir die klein Benjamin en vir my met groot sorg en liefde grootgemaak. Hy het ons baie lief gehad en voorgetrek by die ander. Dit het gladnie in die tien broers se smaak geval nie. Dit was nie lank nie of hulle het geen goeie woord meer vir my gehad nie. Ek het nie besef dat ek eintlik self verantwoordelik was vir hulle haat en nyd teen my nie.

Nadat vader Jakob op my moeder Ragel se graf 'n klip as gedenkteken gesit het, het ons verder getrek en gaan kamp opslaan by Migdal-Eder. Onderwyl ons 'n ruk lank hier

vertoef het, het ek op 'n dag tussen die tente rondgedwaal, terwyl my broers in die veld met pa Jakob se beestroppe besig was. By een van die tente het ek snaakse geluide gehoor. Toe ek naderstap en die flap oplig, het ek dit weer van skrik laat val en weg gehardloop. Daardie aand het ek vir pa Jakob vertel wat ek in daardie tent gesien het: My oudste broer Ruben was besig om geslags-gemeenskap te hou met Bilha, my pa se slavin vrou! Ek het my pa dit vertel. Ek weet nie of hy ooit vir Ruben daarvoor aangespreek het nie. Ek glo nie hy het nie, want dan sou ek as informant nog meer gehaat gewees het.

Ek het gereeld wanneer hulle my saamgeneem het in die veld, en gesien het watter lelike dinge hulle doen, dit in die aand vir pa Jakob vertel. Hy het hulle soms aangespreek daarvoor. Dan het hulle my weer as 'n klikbek uitgeskel en wou my later nie meer saamneem nie.

Toe het daar 'n ding gebeur waarvoor hulle my letterlik begin haat het. Met my sewentiende verjaarsdag het my pa vir my 'n pragtige veelkleurige bokleed laat maak.



Josef se mooi kleed

Ek was trots daarop om dit te dra en het oral daarmee gepronk, tot ergernis van my liewe broers. Maar toe gebeur dit dat ek een nag 'n droom gehad het wat ek aan hulle vertel het. Ek droom ons was besig op die landerye om gerwe graan vas te bind. My gerf het regop gestaan, maar hulle gerwe het rondom kom staan en laag voor myne gebuig. Toe ek hulle van hierdie eienaardige droom vertel, toe spot hulle my: "O so! Gaan jy ons koning word, hê?"

Daarna het hulle my nog meer gehaat. Maar soos dit moes kom, het ek kort daarna 'n tweede eienaardige droom gehad, en kon nie help om dit ook vir my broers en vir my pa te vertel nie. In hierdie droom het die son, die maan en elf sterre voor my kom neerbuig. My pa het my streng aangespreek daarvoor: "Wat bedoel jy? Sal jou ma, jou broers en ek voorwaar voor jou kom neerbuig?" Dit was vir hom baie snaaks en ek kon sien hy sit daarvoor en dink.

Dit was vir my duidelik dat my broers verskriklik jaloers was op my omdat ek my pa se ou witbroodjie was. Hulle het my uitgeskel en bespot as "die ou dromer."

Kort nadat ek so gedroom het, het my broers met al die vee na Sigem vertrek, omdat daar nog baie goeie weiveld te benut was. Nadat hulle 'n tyd lank weg was, roep my pa my en sê: "Ek hoor niks van jou broers daar by Sigem nie. Ek wil jou daar na hulle toe stuur. Gaan kyk hoe dit met hulle en met die vee gaan. Kom dan terug en vertel my".

## EK WORD 'N SLAAF


Ons het in die vallei van Hebron gestaan toe my pa my die opdrag gegee het. Ek het nie omgee om te gaan nie, alhoewel Sigem maar ver van Hebron af is. Toe ek daar aankom, het ek na hulle en die troppe vee begin soek. Naderhand ontmoet ek 'n man wat vir my sê hy het hulle hier in Sigem gesien, maar hulle het vir hom gesê hulle gaan na Dotan toe, want die weiding is daar baie beter. So het ek toe ook in die pad geval en hulle uiteindelik daar gekry.

Maar die ontmoeting was bitter onaangenaam. Toe ek nog 'n hele entjie van hulle af was, het ek al gehoor hulle skree: "Kyk, hier kom daardie dromer!" Ek maak toe uit van hulle deurmekaar-geskree toe ek naderkom, dat hulle van plan is om my in 'n diep put te gooi en dan vir my pa te gaan vertel dat 'n wilde dier my opgevreet het. "Dan sal ons sien wat word van sy drome!"

Hulle gryp my en pluk my heen en weer en skeur letterlik my mooi bokleed van my af. Maar toe kom staan ouboet Ruben tussen hulle en my en sê: "Ons moet hom nie doodmaak nie. Hoekom sal ons sy bloed vergiet? Kom ons gooi hom lewendig in hierdie put in die woestyn. Dan sal hy sterf, sonder dat ons hom self doodgemaak het." Ruben het stilletjies beplan om my te help om te ontsnap en weer na my pa terug te stuur.

Die put waarin hulle my gegooi het, het gewoonlik water gehad, maar was toe droog. Net toe hulle gaan sit om te eet, sien hulle 'n klomp kamele in die verte in hulle rigting aankom. Dit was 'n groep Ismaelitiese handelaars wat gom, balsem en hars vanaf Gilead na Egipte toe neem. Toe kom broer Juda weer vir my op. Hy sê vir die ander: "Broers, watter voordeel is daar vir ons om ons broer dood te maak en dit geheim te hou? Kom ons verkoop Josef aan daardie Ismaelitiese handelaars. Ons moenie vir sy

dood verantwoordelik wees nie. Per slot van rekening is hy ons broer!



Ruben se pleitredes vroeër en nou weer Juda s'n, het die haat in die ander broers darem in so 'n mate getemper, dat hulle saamgestem het met Juda. Toe die handelaars by hulle verbykom, trek hulle my uit die put uit op en bied my te koop aan. Na 'n geredekawel het die Ismaeliete twintig stukke silwer vir my betaal. Ek was dankbaar om 'n plekkie op een van hul kamele te kry en weg te kom van my broers se haat en nyd.

Onderwyl ons so op pad was na Egipte, waar hierdie vreemdelinge van plan was om my as 'n slaaf te verkoop, het dit alles behalwe goed gegaan met my broers. Ruben wat my wou red, het by die leë put gekom. Hy het sy klere geskeur en uitgeroep: "Die seun is weg! Wat kan ek nou doen?" Die beste raad wat die ander toe het, was om 'n bokkie te slag en my mooi, verskeurde kleding in die bloed daarvan te besmeer. Daarna stuur hulle die kleding na ons pa toe. "Ons het dit in die veld gekry. Is dit nie dalk Josef s'n nie?" Hy het dit natuurlik dadelik herken: "Dit is my seun

se klee. Dis seker 'n wilde dier wat hom gevang en opgevreet het. Josef is sekerlik verskeur!"

My arme pa het glo sy klere geskeur en rouklere aangetrek en baie dae lank oor my getreur. Toe skielik, wil sy gesin - my broers - hom vertroos, maar dit het niks gehelp nie. "Ek sal al treurende oor my seun graf toe gaan!" het hy gesê. Hy was diep bedroef.

Intussen het ons in Egipte aangekom, waar die handelaars my as 'n slaaf verkoop het. 'n Baie belangrike man, Potifar, die hoof van die farao se lyfwag, het my gekoop en na sy huishouding toe geneem om daar diens te doen.

Vandat my broers my daar in Dotan wou vermoor en toe verkoop het, totdat ek nog lewendig as 'n slaaf in 'n Egiptiese huis gestaan het, het my laat besef dat die Here oor my die wag hou en dat Hy mense gebruik om my langs paaie te lei wat Hy beplan het.

Toe was ek nie meer bang vir enigiets wat met my gebeur nie, want ek het besef dat my God met my lewe 'n plan het en dat ek gewillig moet wees dat Hy sy plan met my uitvoer.

Ek het my slawediens in Potifar se huis net so goed as wat ek moontlik kon, gedoen. Toe besef ek dat die Here my buitengewoon seën en dat Hy alles wat ek vir die Egiptenaar se huishouding doen, reg en goed laat uitkom. Die wonderlikste van alles was dat die Here dit ook aan hierdie heidense rykman openbaar het, want toe hy sien watter goeie diens ek vir hom in sy huishouding doen, het hy my oor al sy besittings, die hele huishouding, sy ander slawe en sy boerdery aangestel. Hy was die hoof van Farao se lyfwag en kon al sy aandag daaraan bestee, want hy het sy hele huishouding se bestuur en welsyn aan my oorgelaat. Hy het geen bekommernis meer gehad nie, behalwe om te besluit wat hy sou eet.

Maar die kwaad het vir my om die hoek gelê en loer, want ek het opgemerk dat Potifar se vrou my gedurig dophou. Sy het blykbaar my liggaamsbou en aantreklike voorkoms bewonder en van begeerte begin brand. Sy het my ook uitgenooi om by haar te kom slaap. Ek het vir haar gesê: "Ai, Mevrou, my meester vertrou my in alles in sy hele huishouding. Niemand het meer gesag hieroor as ek nie. Hy het my van niks weerhou nie, behalwe u, omdat u sy vrou is. Hoe kan ek ooit só 'n lelike en slegte ding doen? Dit sal 'n baie groot sonde voor God wees!"

Maar sy het haar nie laat afsit nie en my knaend agtervolg waar ek gewerk het. Ek het so ver moontlik uit haar pad probeer bly.

Eendag was ek besig om in 'n deel van die huis te werk waar niemand was nie, toe sy skielik op my afstorm, my aan my klere gryp en uitroep: "Ag toe, kom slaap by my!" Ek het my losgeruk en weg gehardloop, maar sy het

'n stuk van my bokleed wat afgeskeur het, in haar hande vasgeklem en begin skree.

Toe ek wegvlug, sien ek verskeie bediendes uit ander vertrekke na haar toe storm, onderwyl sy aanhoudend skree: "My man het hierdie Hebreuse slaaf hier gebring om ons te beledig! Hy het probeer om my te verkrag, maar ek het geskree. Daarom het hy weg gehardloop maar hierdie klere by my agtergelaat."



## IN DIE TRONK

Toe haar man die aand huis toe kom, wys sy hom die kledingstuk en beweer dat "daardie Hebreuse slaaf wat jy hier ingebring het, het probeer om van my 'n gek te maak." Toe Potifar al die valse beskuldings teen my hoor, was hy briesend. Hy het my met geweld laat gryp en in die tronk gegooi waar die koning se gevangenes aangehou word.

Teen hierdie tyd het ek al baie vas geglo en besef dat die Here my wispelturige lewe beheer en gewonder wat alles in die tronk met my gaan gebeur. Ek het begin om diensies aan die ander gevangenes te bewys en vir die bewaarder gehelp om hulle te versorg. Toe word die bewaarder my baie goedgesind en stel my oor die ander gevangenes aan en oor alles wat in die tronk moes gebeur. Dit het die bewaarder se taak baie verlig omdat ek oor alles toesig gehou het. Die Here het gesorg dat ek in alles wat ek gedoen het, suksesvol was.

Toe ek na verloop van tyd begin wonder hoe lank my nuttige verblyf in die tronk nog sou voortduur, begin dinge weer gebeur. Een môre tref ek twee persone saam aan in 'n sel en herken toe die een as die hoof van die koninklike bakkers en die ander een as die koning se hoofskinkers. Die hoof van die koninklike lyfwag het hulle in hierdie tronk geplaas vir oortredings wat hulle aan die koninklike hof begaan het. Ek verneem toe dat die hoof van die lyfwag my spesiaal aangestel het om hulle te bedien. Ek kon toe nie help om te wonder of hy darem intussen vasgestel het dat sy vrou my vals beskuldig het nie en indien wel - waarom hy my dan nie uit hierdie tronk vrylaat nie.

## DIE SKINKER EN BAKKER SE DROME

Ek het die twee koninklike amptenare goed versorg. Maar toe ek een oggend in hulle sel kom, lyk albei baie ongelukkig. Dit blyk toe dat albei die vorige nag 'n unieke droom gehad het en graag die betekenis daarvan wou weet. Ek het vir hulle gesê, om drome te verklaar, is God se werk, maar hulle moet asseblief vir my vertel wat hulle gedroom het.

Die hoof van die skinkers het eerste sy droom vertel: "In my droom het ek 'n wingerdstok gesien. Dit het drie lote gehad wat begin bot en blom het en gou was daar trosse ryp korrels. Ek pluk toe die druiwe en druk die sap daarin uit. Toe gee ek dit vir Farao."

Ek het vir hom gesê: "Ek kan vir jou sê wat die droom beteken: Die drie lote dui op drie dae. Binne drie dae sal Farao jou uit die tronk laat haal en jou herstel in jou vorige

posisie as hoofskinker. En asseblief, dink aan my wanneer dit weer met jou goed gaan. Noem my naam en vra hom om my uit hierdie plek vry te laat. Want ek is ontvoer uit my geboorteland, die land van die Hebreërs. Nou is ek hier in die tronk, sonder dat ek iets verkeerd gedoen het."

Toe die hoof van die bakkers hoor dat die eerste droom 'n goeie uitleg gehad het, vertel hy ook syne vir my: "In my droom was daar drie mandjies met brood op my kop. In die boonste een was daar 'n heerlike baksel vir Farao. Maar die voëls het gekom en alles opgevreet."

Ek het vir hom gesê ek sal vir hom vertel wat sy droom beteken: "Die drie mandjies dui op drie dae. Drie dae van nou af sal Farao jou kop afkap en jou liggaam aan 'n paal ophang. Die voëls sal dan die vleis van jou afpik."

Drie dae later het die farao 'n groot eetmaal op sy verjaarsdag gegee. Hy het die twee

manne laat haal en in die openbaar verhoor. Hy het die hoof van die skinkers weer in sy pos herstel, maar die hoof van die bakkers aan 'n paal laat ophang. Die hoof van die skinkers het egter van my vergeet. Maar ek het goeie moed gehou en geweet die HERE sal my nie vergeet nie.

Die feit dat Hy vir my laat weet het wat die skinker en die bakker se drome beteken het en elke keer wanneer teëspoed op my toesak, my weer met seën daaruit verlos het, het aan my die vaste vertrouwe en versekering gegee dat Hy besig is om iets groots in my lewe te bewerk. Daarom het ek maar geduldig my pligte in die koninklike tronk nagekom, oortuig daarvan dat die skinker een of ander tyd sy belofte aan my gestand sal doen en aan die farao sal vertel hoe onregverdig en onskuldig ek hier in die tronk sit.

## FARAO SE DROME

Maar verlossing het eers twee lange jare later gekom toe die farao self aan die droom gegaan het. Die Here het hom hierdie drome laat droom om die plan wat Hy met my lewe gehad het, te kon uitvoer.

Farao droom hy staan op die wal van die Nyl. Hy sien sewe mooi vet koeie uit die water kom en hoe hulle al langs die wal begin wei. Toe sien hy sewe ander maer en lelike koeie uit die water opkom. Hulle het na die sewe mooies toe gegaan en hulle opgevreet. Toe skrik hy wakker. Maar na 'n rukkie raak hy weer aan die slaap en daar droom hy weer!

Hy sien sewe mooi vol are aan een stingel. Toe kom daar nog sewe are uit, maar hulle is verdroog en verskroei deur die oorstewind. Toe gebeur daar net die selfde ding as wat met die koeie gebeur het: Die maer are sluk toe die sewe vet are in!

Farao het toe hy wakker skrik, besef dat dit nie maar net 'n ou sommerse droompie was nie en dat hulle iets moet beteken. Hy het al Egipte se wyse manne en waarsêers geroep en vir hulle vertel wat hy gedroom het, met die hoop dat hulle dit vir hom sou kon uitlê en sê wat dit beteken. Maar hulle kon nie.

Toe val dit die hoof van die skinkers weer by hoe ek twee jaar van te vore sy droom en dié van die bakker in die tronk vir hulle uitgelê het. Sy versuim om nou eers daarvan te praat, het swaar op sy gewete gelê en hy het begin om baie omslagtig te vertel van die Hebreuse jong man wat hulle drome uitgelê het en dat dit alles net so plaasgevind het as wat hy voorspel het.

Farao het nie 'n oomblik gewag nie. Hy het my onmiddellik laat roep. Ek is dadelik uit die tronk gehaal, geskeer en ander klere aangetrek. Toe het ek voor Farao verskyn.



**verklaar Farao se drome**

Hy sê toe vir my: "Ek het laas nag 'n droom gehad, maar niemand kon dit vir my verklaar nie. Ek hoor jy kan drome uitlê."

"Nee, ek kan nie," sê ek. "Maar God sal die verklaring gee waarvoor u vra."

Toe het Farao maar weer sy droom vertel, van die sewe vet koeie en die sewe maeres, wat toe hulle die sewe vettes ingesluk het, nog net so maer was. Daarna het hy ook vir my van die sewe are aan die een stingel vertel en ook van die sewe droës en verskrompeldes en dat hulle insgelyks die sewe vettes ingesluk het.

Die Here het die betekenis van hierdie drome van Farao duidelik voor my gestel. Ek het vir hom gesê: "Albei die drome beteken dieselfde: God het vir u vertel wat Hy van plan is om te doen. Die sewe vet koeie is sewe jaar en die sewe vol are dui ook op sewe jaar. Die sewe maer koeie en die sewe droë en verskrompelde are dui op sewe jaar van

hongersnood. Die volgende sewe jaar sal 'n tyd van groot voorspoed in Egipte wees. Daarna sal sewe jaar van hongersnood volg. Dit sal baie erg wees en sal 'n groot ramp oor die land bring. Die feit dat die droom herhaal is, beteken dat die saak by die Here vasstaan en dat Hy dit spoedig sal doen."

Toe praat die Here duidelik deur my met Farao. Ek hoor my eie stem wat vir hom sê: "Ek wil graag voorstel dat u 'n baie bekwame persoon oor die hele land aanstel en manne wat hom help. Hulle moet in die sewe volop jare een vyfde van die oeste vir u insamel en in groot skure bêre, sodat daar genoeg kos in die sewe maer jare sal wees. Dan sal die groot ramp nie die land tref nie."

My voorstelle het die raadgewers beïndruk en hulle kyk na die farao wat duidelik in sy skik daarmee is. Hy sê vir hulle: "Wie sal dit beter kan doen as hierdie Josef? Hy het ongetwyfeld die Gees van God." Hy draai toe na my en sê: "Kyk Josef, jy is ongetwyfeld

die wysste man in die land, want net jy kon my drome verklaar. Ek stel jou aan oor die projek en die paleis. Jy sal oor al my onderdane gesag hê. Net ek sal meer mag as jy hê."

## EK REGEER EGIPTE

Toe het my lewe vir goed van sleg na goed omgekeer. Farao sê: "Ek stel jou aan oor die hele Egipte." Hy het sy seëlring afgehaal en dit aan my vinger gesteek. Hy het vir my klere van fyn linne laat aantrek en die koninklike goue ketting om my nek gehang. Hy het die tweede beste wa vir my gegee. Oral waar ek gegaan het, moes hulle voor my uitroep: "Eer hom! Eer hom!" Farao het verder vir my gesê: "Ek is die koning, maar niemand sal in die ganse Egipte 'n vinger verroer of 'n voet versit sonder jou goedkeuring nie."

Farao het my ook nog 'n nuwe naam gegee: Sáfenat-Panéag. Toe ek later probeer vasstel wat hierdie nuwe naam van my nou eintlik beteken, het ek uitgekóm by "Behouer van die lewe" en ook by: "God sê: Laat hy lewe." Miskien wou die farao my heeltemal ver-Egipties want hy het my ook 'n mooi jong

meisie as vrou gegee. Sy was Asenat, die dogter van Poti-fera, die priester van On. Toe ek na al hierdie dinge wat feitlik meteens met my plaasgevind het, weer tot verhaal kom, besef ek dat ek skielik nie meer ou Josef die tronkvoël was nie, maar Sáfenat-Panéág, die Eerste-Minister of onderkoning van Egipte. Ek was toe 30 jaar oud en gereed om in my nuwe amp die hele Egipte te deurreis.

Die land het in die volgende sewe jaar 'n oorvloed van rekord oeste opgelewer. Ek het gedurende hierdie geseënde sewe jaar al die oeste van Egipte in die stede opgegaar. Ons het die opbrengste van die landerye in die naaste stad van daardie omgewing in groot graanskure wat ek laat bou het, gebêre. Na die sewe jaar was die graanskure propvol. Die Here het gesorg dat daar mettertyd soveel graan soos die sand aan die see was en dat ek naderhand nie meer daarvan rekord kon hou nie.

Ek self het ook gedurende hierdie sewe jaar die persoonlike seën van die Here ervaar met die geboorte van twee seuns wat Asenat aan my geskenk het. Die oudste was Manasse, want die Here het my al my kwellings laat vergeet. Die tweede een het ek Efraim genoem, want God het my vrugbaar gemaak in die land van my swaarkry.

Nadat die heerlike sewe jaar van oorvloed verstryk het, het ons te staan gekom teen die eerste tekens van hongersnood, want oeste het oral in omliggende lande misluk, maar in Egipte was daar genoeg graan in die skure. Die mense in die land het egter begin hongerly. Hulle het hul toevlug na die farao geneem en by hom gaan pleit vir kos. Hy stuur hulle toe na my en sê hulle moet doen net wat ek vir hulle sê.

Die tyd van die sewe maer jare het aangebreek. Ek het die graanskure oopgemaak en graan aan die Egiptenare verkoop. Mense uit die omringende lande het

ook by my kom graan koop toe hulle hoor dat dit in Egipte beskikbaar was, want die hongersnood het die hele wêreld getref.

## MY BROERS KOM KORING KOOP

In my liewe land Kanaän, waar ek jare vantevore deur my broers met geweld weggevoer is, het my vader Jakob gehoor dat daar in Egipte graan te koop was. Die honger het ook my pa se nakomelinge ingehaal. Hy sê toe vir my broers om in Egipte vir hulle graan te gaan koop. Hy het my tien broers gestuur sonder Benjamin, omdat hy bang was Benjamin kom iets oor.

Ek was op 'n dag hard besig om self die graanverkope by die koninklike skuur te behartig, toe ek opkyk en my broers gewaar. Ek het voorgegee dat ek die tien manne wat met hulle gesigte na die grond toe buig, nie ken nie en kortaf gevra: "Vanwaar is julle?" "Van die land Kanaän," antwoord hulle. "Ons het gekom om graan te koop."

Hulle het my nie herken nie. Ek het aan my drome van destyds gedink en sê toe: "Julle is



spioene! Julle het net kom kyk waar ons land kwesbaar is."

"Nee, Meneer, ons is u dienaars. Ons het maar net gekom om kos te koop. Ons is almal broers en eerlike mense, Meneer! Ons is nie spioene nie!"

"Ja, julle is!" hou ek vol. "Julle het kom kyk of die hongersnood ons nie swak gemaak het nie, sodat julle ons kan kom aanval!"

Toe hoor ek een van hulle se pleitende woorde: "Meneer, ons was twaalf broers. Ons pa woon in die land Kanaän. Ons jongste broer is daar by hom, maar een van ons broers is nie meer by ons nie."

Hy wou nog verder praat, maar ek het hom in die rede geval: "O nee, julle is spioene. Maar ek sal julle mooi storie toets. Ek sal julle nie toelaat om Egipte weer te verlaat tensy julle jongste broer hierheen kom nie. Een van julle moet hom gaan haal. Julle ander sal ek hier in die tronk hou. Dan sal ek weet of julle die

waarheid praat. Maar as julle nie 'n jonger broer het wat julle hiernatoe kan bring nie, sal ek weet julle is spioene."

Ek het hulle toe vir drie dae lank in die tronk gehou. Daarna het ek soontoe gegaan en hulle amper jammer gekry toe ek die vreeslike moedverlorenheid op hulle gesigte lees.

Op die derde dag het ek hulle weer besoek. "Ek het besluit om net een van julle hier in die tronk te hou. Die ander kan huis toe gaan met die kos vir julle gesinne. Maar julle moet julle jongste broer volgende keer saambring. So sal ek weet of julle die waarheid praat. As julle dit doen sal ek julle lewe spaar."

Toe begin hulle onder mekaar praat en mekaar verwyt: "Ja, ek sê vir julle, dis oor wat ons aan Josef gedoen het." "Ja, ons het sy benoudheid en angs gesien, maar ons doof gehou daarvoor." "Ja, ek hoor nog sy gesmeek." "Nou straf die Here ons."

Ek het met 'n knop in die keel geluister hoe hulle praat. Hulle het nie geweet ek verstaan alles nie, want ek het met hulle deur 'n tolk gepraat. Ek hoor Ruben vir hulle sê: "Het ek nie vir julle gesê om dit nie te doen nie? Maar julle wou nie luister nie. Nou gaan ons almal sterf omdat ons hom vermoor het!"

Toe draai ek weg van hulle af, want ek kon my tranes nie meer bedwing nie. Daarna het ek hulle vrygelaat maar Simeon voor hulle oë laat boei en weer tronk toe gestuur.

Ek het gesorg dat hulle sakke vol graan gemaak word en hulle geld weer bo in hul sakke teruggesit word. Ek het vir hulle voorrade vir die pad saamgegee. Daarop het hulle die graan op die donkies gelaai en die tog huis toe aangepak.

Hulle het daardie dag blykbaar probeer om tog so ver as moontlik van Egipte en sy nare onderkoning af weg te kom. Teen die aand het hulle vir die nag stilgehou en een van

hulle het sy sak oopgemaak om kos vir die donkies uit te haal. "Haai, kom kyk hier!" skreeu hy vir sy broers. "My geld is hier bo-op in my sak!" Toe hulle dit sien, was hulle letterlik vreesbevange en só het hulle in die land Kanaän aangekom.

Hulle het vir ou vader Jakob alles vertel wat met hulle plaasgevind het. "Die man wat in beheer is oor die land, het baie kwaai met ons gepraat. Hy glo ons is spioene. Ons het vir hom gesê ons is eerlike mense. Ons is twaalf broers, die seuns van een pa. Een broer is dood en die jongste een is by ons pa in Kanaän. Toe hy dit hoor, het hy gesê, as ons ons jongste broer vir hom kom wys, sal hy glo dat ons nie spioene is nie. Hy het vir Simeon in die tronk agtergehou, tot ons weer soontoe gaan en vir Benjamin saamneem.

Hulle het die sakke graan oopgemaak en bo-in elkeen se sak die geld wat hulle daarvoor betaal het, gekry. Hulle bekommernis daaroor was groot. Wat sou dit beteken?

Ruben het my later vertel dat toe my ou vader Jakob dit sien, het hy ook vreesbevange geword. Ek het so jammer gevoel dat my liewe ou pa ook saam met my broers gestraf is vir dinge wat hulle gedoen het. Hy het vir hulle gesê: "Hoekom het julle hierdie moeilikheid oor my gebring? Hoekom het julle die man vertel dat julle nog 'n ander broer het?"

"Die man het spesifiek uitgevra oor ons familie. Hy het gevra: 'Leef julle pa nog? Het julle nog 'n broer?' Hoe moes ons geweet het hy sou sê: 'Bring julle broer hiernatoe?' Ons het maar net sy vrae beantwoord."

My ou vader het toe uitgeroep: "Julle beroof my van my kinders! Josef is nie meer nie en Simeon is weg. En nou wil julle Benjamin ook van my wegneem. Alles is teen my!"

Ruben sê toe: "Pa kan gerus my twee seuns doodmaak as ek Benjamin nie na Pa toe terugbring nie. Laat hom in my hande. Ek sal

hom aan Pa terug besorg." Maar ou vader Jakob wou nog nie kopgee nie: "Ek sal hom beslis nie met julle laat saamgaan nie, want sy broer Josef is dood en hy is al een wat oor is van sy ma se kinders. As hy op die pad iets oorkom, sal julle my in my ouderdom met smart in my graf neerlê."

## HULLE KOM WEER KORING KOOP

Intussen het die hongersnood verder as landswyd voortgeduur en die kos wat my broers hier in Egipte kom koop het, het begin opraak. My pa het toe noodgedwonge gevra dat my broers maar weer vir hulle 'n bietjie kos hier in Egipte moet kom koop.

Toe het Juda glo die woord geneem: "Pa, die man het ons ernstig gewaarsku: 'Ek wil julle nie weer sien as julle broer nie saamkom nie.' Daarom kan ons alleen weer gaan kos koop as pa vir Benjamin saam met ons laat gaan."

Juda het toe ernstig verder gepleit: "Stuur tog asseblief nou maar die seun saam met my, sodat ons kan gaan en bly lewe. Dis ter wille van ons almal se lewens, ook Pa s'n en dié van ons klein kindertjies. Ek sal persoonlik instaan vir Benjamin se veiligheid. As ek hom nie terugbring nie, sal ek vir altyd skuldig wees teenoor Pa. Ons kon nou al twee keer

weg en terug gewees het as dit nie was dat Pa hom teruggehou het nie."

Die erns van die toestand het vir pa Jakob beweeg om toe te gee. Hy het my broers beveel om alles van die beste wat Kanaän kon oplewer in hulle sakke saam te vat en vir die 'man' 'n spesiale geskenk, bestaande uit 'n bietjie balsem, 'n bietjie heuning, gom, hars, neute en 'n bietjie amandels, te neem. Hy het hulle ook beveel om dubbel die som geld wat nodig sou wees, saam te vat, asook die geld wat in hulle sakke gekry is. "Vat nou julle broer saam en gaan terug na die man toe. Mag God Almagtig julle genadig wees wanneer julle by die man aankom en mag hy Simeon vrylaat en Benjamin terugstuur." Hy het glo ook vir hulle gesê: "As ek dan van kinders beroof moet word, moet ek maar beroof word."

So het my broers toe met die geskenke, die dubbel hoeveelheid geld en met Benjamin die tweede keer na Egipte gekom. Toe hulle voor my verskyn en ek sien Benjamin is by hulle,

reël ek met die bestuurder van my huishouding dat daar 'n feesmaal voorberei word sodat hulle middagete by my kan geniet. Hy het hulle toe na my paleis geneem. Toe skrik hulle vreeslik en dink hulle word daarheen geneem om gestraf te word oor die geld wat die vorige keer in hul sakke teruggesit is. Hulle het gedink ek gaan hulle oorweldig, hulle my slawe maak en hulle donkies vat!

Toe hulle by die ingang van die paleis aankom, vertel hulle vir die bestuurder van die geld wat in hul sakke gekry is en wil dit teruggee en sê vir hom: "Ons het geen idee hoe die geld in ons sakke gekom het nie." Maar hy sê vir hulle: "Ontspan! Moenie julle daarvoor bekommer nie. Julle God, die God van julle voorvaders, moes dit teruggesit het. Ons het wel ons geld gekry."

Daarna het hy Simeon vrygelaat, hulle in my paleis gebring en vir hulle water gegee om hul voete te was en gesorg dat hul donkies voer

kry. Hulle het gehoor dat hulle die middag daar sou eet en het die geskenke reggesit om aan my oorhandig te word. Ek het ingekom en dit alles ontvang.

Toe hulle so laag voor my buig, dink ek weer aan die drome wat ek gehad het. Ek vra toe vir hulle hoe dit met hulle gaan. "En hoe gaan dit met julle pa, die ou man van wie julle gepraat het? Lewe hy nog?"

"Ja," antwoord hulle. "U dienaar, ons pa, leef nog en dit gaan goed met hom." Hulle buig toe weer voor my.

Ek kyk op en sien my broer Benjamin voor my, my ma se seun en vra: "Is dit julle jongste broer, die een van wie julle gepraat het? Mag God jou seën, my seun!" Toe kon ek my gevoel nie meer bedwing en verberg nie en verlaat haastig die vertrek om my trane van aandoening en dankbaarheid oor God se wonderlike voorsienigheid in my lewe nie vir hulle te wys nie.

Na 'n rukkie het ek my gevoelens weer onder beheer gehad en stap die saal binne en beveel: "Bring die kos!" Ek het by 'n aparte tafel gesit, waarvandaan ek persoonlik elkeen se porsie vir hom uitgeskep en voorsien het. Vir Benjamin het ek vyfmaal soveel as vir die ander gegee.


Toe ek hulle by die tafel laat aansit, het ek hul plekke aangewys van die oudste af - Ruben - tot die jongste - Benjamin. Hulle was verbaas. Ek het gewonder of een van hulle nie miskien al iets van die waarheid agtergekem het nie. Maar dit het nie so gelyk nie. Die lekker kos en die goeie wyn wat ek saam met hulle geniet het, het hul tonge losgemaak. Ek het lekker feesgevier saam met my elf broers, wat my nog steeds aangesien het vir die onderkoning van Egipte en my met groot eerbied en respek behandel het.

## MY SILWERBEKER

Voordat my broers weer na Kanaän vertrek het, het ek die bestuurder by die graanskuur opdrag gegee om elkeen van hulle se graansak goed vol te maak en om my silwerbeker bo in die sak van Benjamin te sit. Hy moes ook weer almal se geld waarmee hulle die graan wou koop, bo in hulle sakke terugplaas.

Teen dagbreek het die broers die terugtog met die gelaaide donkies begin. Hulle was skaars buite die stad toe sê ek aan die bestuurder om agter hulle aan te jaag, te stop en hulle te vra: "Hoekom het julle 'n goeie daad met kwaad vergeld? Julle het my meester se persoonlike silwerbeker waarmee hy die toekoms voorspel, gesteel!"

Toe die bestuurder hulle inhaal en beskuldig, sê hulle vir hom: "Waarvan praat u, Meneer? Watter soort mense dink u is ons om ons van so 'n verskriklike ding te beskuldig? Het ons nie die geld wat ons 'n vorige keer in ons



Die silwerbeker in Benjamin se sak

sakke gekry het, weer terugbring nie? Hoekom sou ons silwer of goud uit u meester se huis steel? As u die beker by enigeen van ons kry, moet daardie een doodgemaak word en ons sal u meester se slawe word."

"Dis goed so," sê my bestuurder toe vir hulle, "Maar net die een wat dit gesteel het, sal 'n slaaf wees. Die onskuldiges kan maar huis toe gaan."

Hulle haal die sakke van die donkies af en maak dit oop. My bestuurder het in Ruben se sak begin soek en aangegaan tot by die jongste, en kry toe die beker in Benjamin se sak. My bestuurder vertel my, toe hulle dit sien, was hulle sprakeloos. Hulle skeur toe hulle klere in radeloosheid, pak alles weer op en ry met sugtende swygsaamheid saam terug. Ek was nog tuis toe hulle hier aankom en voor my neerval. Ek kyk hulle streng aan en vra: "Wat het julle gedoen? Het julle nie geweet iemand soos ek sou weet wie dit gesteel het nie?"

Juda sê toe: "Ai, Meneer, wat kan ons vir u sê? Hoe kan ons onself verdedig? Hoe kan ons ons onskuld bewys. God straf ons nou vir ons sondes. Meneer, ons het almal teruggekom om u slawe te wees, ons en ons broer in wie se sak die beker gevind is."

Ek kyk hulle boos aan en sê: "Net die man wat die beker gesteel het sal my slaaf wees. Die ander kan maar teruggaan na julle pa toe."

## JUDA SE PLEITREDE

Toe kom Juda weer na vore. Hy kyk my met betraande oë aan en sê: "Meneer, toe u ons gevra het of ons 'n pa of 'n broer het, het ons gesê, ja, ons het 'n pa, 'n ou man. In sy ouderdom is ook nog 'n kind, sy jongste een, gebore. Sy broer is dood. Hy alleen is oor van sy ma se kinders en sy pa het hom baie lief. Toe se u: "Bring hom hierheen sodat ek hom kan sien". Maar ons het vir u gesê: "Meneer, die seun kan nie weggaan van sy pa nie, want dan sal sy pa sterf". Maar u het gesê: "As julle jongste broer nie saamkom nie, mag julle my nie weer sien nie". Ons het toe na ons pa teruggegaan en hom vertel wat u gesê het. Toe hy later vir ons sê: 'Gaan terug en koop weer vir ons 'n bietjie kos,' het ons geantwoord: 'Ons kan nie gaan nie tensy Pa toelaat dat ons jongste broer ook saamgaan. Ons sal nie toegelaat word om die man in beheer van die graan te sien as ons jongste broer nie by ons is nie'. Toe sê ons pa vir ons: 'Julle weet dat my vrou twee



seuns gehad het en dat een van hulle weggegaan het en nie weer teruggekome het nie. Ek dink roofdiere het hom verskeur, want ek het hom nooit weer gesien nie. As julle nou sy broer ook van my wegneem en een of ander teespoed tref hom, sal julle my in my ouderdom met smart graf toe laat gaan'.

"Nou, Meneer, ek durf nie sonder die seun na my pa toe teruggaan nie. Ons pa is baie lief die seun. As sien dat die seun nie by ons is nie, sal ons pa sterf. Ons sal veroorsaak dat hy in sy ouderdom met smarte in die graf gaan. Meneer, ek het my pa gewaarborg dat ek na die seun sal kyk. Ek het vir hom gesê: 'As ek hom nie terugbring nie, sal ek vir altyd skuldig wees teenoor Pa'. Asseblief, Meneer, laat my hier agterbly as 'n slaaf in die plek van die seun en laat hy saam met sy broers teruggaan. Hoe sou ek sonder die seun na my pa toe kon teruggaan? Ek kan dit nie verduur om daaraan te dink dat ek hom soveel smart sal aandoen nie".

## EK MAAK MYSELF BEKEND

Toe ek so staan en luister na Juda se hartroerende pleitredes om vergiffenis vir alles wat hulle jare gelede teenoor my misdryf het, het ek hulle almal meteens baie jammer gekry en gedink dat as die Here hulle al die sondes van destyds sal vergewe, waarom sal ek dan nie ook alles wat hulle aan my gedoen het, vergewe nie? Toe skiet my gemoed my heeltemal vol en omdat ek nie graag voor die Egiptenaars in trane wou uitbars nie, het ek hulle gevra om die vertrek te verlaat en deur my trane heen na my elf broers voor my gekyk en gesnik: "Ek is Josef. Leef Pa nog?"

Hulle het my stom aangekyk en was baie bang. Ek roep hulle toe nader en sê toe weer: "Ek is Josef. Leef Pa nog?" Maar my broers was stomgeslaan, want hulle het baie bang geword. "Kom na my toe", sê ek. Hulle kom toe nader. Ek sê toe weer: "Ek is Josef, julle broer wat julle destyds verkoop het en na



Ek is Josef !

Egipte toe gebring is. Maar moenie julle self verwyf dat julle dit gedoen het nie. Eintlik is dit God wat dit bewerk het. Hy het my vooruit gestuur sodat julle lewens gespaar kon word. Twee jaar hongersnood is verby, maar daar lê nog vyf jaar voor. In dié tyd sal daar nie geploeg en geoes kan word nie. God het my hierheen gestuur om julle en julle gesinne in die lewe te hou sodat julle 'n groot nasie kan word. Ja, dit is God wat my gestuur het en nie julle nie! Hy het gesorg dat ek as Farao se raadgewer aangestel word, en ook as bestuurder van sy hele huishouding en heerser oor die hele Egipte.

Maak nou gou. Gaan terug na my pa toe en sê vir hom: 'Dit is wat Pa se seun Josef sê: God het heerser van die hele Egipte gemaak. Kom dadelik oor hierheen! Pa kan in die land Gosen woon sodat pa naby my kan wees saam met pa se kinders en kleinkinders, kleinvee en grootvee en alles wat Pa besit. Ek sal vir Pa sorg, want daar is nog vyf jaar

hongersnood oor. Anders sal Pa en almal saam met Pa totaal verarm.

Ek sê verder vir hulle: "Julle kan nou self sien en Benjamin, jy kan sien dit is regtig ek, julle broer Josef. Vertel my pa hoe geëerd ek in Egipte is. Vertel hom wat julle alles gesien het en bring hom so gou moontlik na my toe."

Ek het Benjamin gegryp en omhels en daarna het ek elkeen van my broers aan my hart gedruk onderwyl ons vreugdetrane vryelik vloei. Toe eers het hulle werklik tot verhaal begin kom en met gemengde gevoelens besef en ontdek dat die strenge onderkoning van Egipte niemand anders as die lankal doodgewaande ou Josef die dromertjie is nie. Wat gaan hy nou met ons doen, het hulle seker gewonder. Maar gou het die skrik verdwyn en ons tranes was die tekens van ons blye weersiens.

## FARAO NOOI JAKOB NA EGIPTES

Toe Farao hoor dat die elf manne my broers is, laat weet hy vir my: "Stuur hulle dadelik Kanaän toe om jou pa en hulle gesinne te gaan haal. Farao gee die beste deel van Egipte aan hulle. Stuur waens saam met hulle om hul vroue en gesinne hiernatoe te bring. Hulle moenie bekommerd wees oor die besittings wat hulle agterlaat nie, want die beste van Egipte behoort aan hulle."

Ek het toe nuwe waens verskaf en genoeg voorrade vir die reis gegee. Ek het vir elkeen van my broers nuwe klere gegee, maar vir Benjamin het ek vyf stelle klere gegee en 300 stukke silwer. Vir my pa het ek tien donkies belaa met die beste dinge uit Egipte. Ek het ook tien donkiemerries belaa met graan en voedsel as padkos vir my pa vir sy verhuising hiernatoe. Ek het vir my broers gesê ek is haastig, hulle moet nou ry en hulle moet tog nie op die pad bang word nie.

Daar aangekom, sê hulle vir my pa dat ek, Josef, lewe en die heerser van die hele Egipte is. Hy was oorbluf oor die nuus en kon dit net nie glo nie. Maar toe hy die waens sien en die boodskappe hoor wat ek vir hom gestuur het, het hy gesê: "Dit moet waar wees. My seun Josef lewe regtig! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterf."

Jakob het eers met al sy besittings tot by Berseba verhuis. Daar het hy offers aan God gebring. Die Here het ook in 'n visioen hier met hom gepraat en gesê: "Moenie bang wees om Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar tot 'n groot nasie maak. Ek gaan saam met jou Egipte toe, maar Ek sal jou nageslag weer terugbring. Jy sal in Egipte sterf en Josef sal by jou sterfbed wees."

Jakob se seuns het toe hulle pa, hulle kinders en hulle vroue op die waens gelaai en ook hulle lewende hawe wat hulle in Kanaän bymekaar gemaak het asook ook hul ander besittings, en daarmee in Egipte aangekom.

In totaal was daar 70 lede van Jakob se familie buiten die vroue en kinders, wat met die waens van Kanaän na Bethlehem verhuis het. Farao het die mooi en vrugbare landstreek Gosen vir die Israëliete gegee om in te woon.

Nadat pa Jakob-hulle daar aangekom het, het ek my wa laat inspan en daarheen gery om my pa te ontmoet. Toe ek by hom kom, het ek my pa omhels en lank op sy skouer gestaan en huil. Toe sê my pa vir my: "Nou kan ek maar sterf, want ek het jou met my eie oë gesien en weet nou dat jy nog lewe."

Daarna het ek na die farao toe gegaan om hom te vertel van my pa en broers se aankoms. Ek het vyf van my broers saamgeneem en aan Farao voorgestel. Hulle het op sy navraag vir hom gesê dat hulle veeboere is. Hy was in sy skik daarmee en het vir hulle gesê hulle kan dan ook sommer 'n ogie oor sy kuddes hou.

Ek het ook my pa na die farao gebring. Toe my pa hom sien, het hy hom geseën. Farao vra toe hoe oud my pa is. "Ek lewe al 130 jaar as 'n vreemdeling. My voorvaders het ouer geword, maar my lewe is vol swaarkry."

Ek het die beste deel van Egipte, die land van Rameses, aan my pa en broers gegee, net soos die farao my beveel het.

## MY SE REGERING TYDENS DIE HONGERSNOOD

Intussen het die sewe jaar van hongersnood wat op die volop tyd gevolg het, die wêreld kwaai geknou. Die gesaaides het keer op keer in Egipte en Kanaän misluk. Ek het baie geld ingesamel met die verkoop van graan in Egipte. Farao se skatkamers het vol geword. Maar toe die mense se geld op was, het hulle by my kom pleit vir kos. Ek sê toe hulle kan dan vee gee in ruil vir kos. Hulle het toe hulle perde, kleinvee, grootvee en donkies gegee in ruil vir genoeg kos vir daardie jaar.

Die volgende jaar kom hulle weer en sê: "Ons geld is op en ons diere behoort nou aan u. Ons het nog net onself en ons landerye, in ruil vir kos. Gee asseblief vir ons saad dat ons nie van honger doodgaan nie."

Op hierdie manier het ek die hele Egipte vir Farao gekoop. Al die Egiptenaars het hulle landerye verkoop vir geld om kos te koop. Dit

het Farao se eiendom geword. Hy het toe al die inwoners na die stede toe verskuif.

Ek sê toe vir die mense: "Kyk, ek het julle en julle landerye vir Farao gekoop. Ek sal nou vir julle saad gee om te plant. Wanneer julle oes, moet een vyfde Farao s'n wees. Julle kan vier vyfdes vir julle self hou en vir volgende jaar gebruik as kos vir julle en julle mense." Ek het toe vir die hele Egipte hierdie bepaling gemaak. Die bevolking was hoogs in hulle skik daarmee. Hulle was selfs gewillig om Farao se slawe te wees, net so lank as wat hulle nie van honger sou sterf nie.

## **JAKOB WIL NIE IN EGIPTENIE BEGRAWE WORD NIE**


My vader Jakob se afstammeling, die Israeliete, het hulle in die Gosenstreek gevestig en daar vooruit geboer. Die Here het gesorg dat alles met hulle goed gaan. Hulle het floreer en hulle getalle het vinnig toegeneem. Nadat Jakob in Egipte aangekom het, het hy nog 17 jaar gelewe en was dus 147 jaar oud by sy afsterwe.

Toe hy voel sy dae word min, laat hy my roep en sê: "Bewys my 'n laaste guns: Belowe my met 'n eed dat jy goed sal wees vir my en my nie in Egipte sal begrawe nie. Wanneer ek sterf, neem my liggaam uit Egipte en begrawe my by my voorvaders." Ek belowe toe om dit te doen, maar my vader was met niks minder as 'n eed tevrede nie. Daarop het hy in dankbaarheid by die koppenend van die bed gebuig.

## JAKOB SEËN MANASSE EN EFRAIM

My ou vader se gesondheid het daarna vinnig agteruit gegaan. Toe ek dit verneem, het ek my twee seuns, Manasse en Efraim, geneem en hom gaan besoek. Toe ons by hom aankom, het hy met al sy beskikbare kragte regop gaan sit om ons te kan groet. Hy het ons vertel dat die Here aan hom gesê het dat Hy hom tot baie nasies sal maak. "Hierdie land Kanaän gee ek vir jou en jou nageslag as eiendom vir altyd. Jou twee seuns, Manasse en Efraim, neem ek aan as my eie. Jou kinders wat na hulle gebore word, is jou eie. Maar mag die Here hierdie twee seuns seën en mag hulle 'n groot nasie word."

Ek sien toe hy sit met sy regterhand op Efraim se kop. Toe tel ek die sy hand op en sit dit op Manasse se kop en sê: "Nie so nie Pa. Die een daar anderkant is die oudste. Sit u regterhand op sy kop."



Jakob seën Josef se seuns

Maar my pa het geweier. "Ek weet, my seun, ek weet. Manasse sal ook 'n groot nasie word, maar sy jonger broer sal magtiger wees. Sy nageslag sal 'n magtige nasie word!" Hy het hulle verder geseën met die woorde: "Die Israeliete sal julle name gebruik om mekaar seën toe te wens. Hulle sal sê: "Mag God jou so voorspoedig maak soos vir Efraim en Manasse."

Hy sê toe verder nog vir my: "Ek is op die punt om te sterf. Maar God sal met julle wees. Hy sal julle terugbring Kanaän toe, na die land van ons voorouers. Vir jou laat ek iets meer na as vir jou broers. Dis die grond wat ek met swaard en pyl en boog van die Amoriete verower het."

Daarna het hy nog krag gehad om al sy seuns bymekaar te roep en vir ons te vertel wat in die toekoms met ons sal gebeur. Elkeen van ons twaalf seuns het 'n seëning ontvang wat vir hom toepaslik was.

## JAKOB SE DOOD EN BEGFRAFNIS

Toe my ou vader Jakob voel die dood kom baie nader, sê hy vir my: "Ek gaan binnekort sterf. Begrawe my by my pa en oupa in die grot van Magpela." Toe ek sien hy sterf, het ek teen sy gesig geval en gehuil en hom geseën.

Ek het my dokters opdrag gegee om pa se liggaam te balsem. Dit het 40 dae geneem. Die hele Egipte het 10 dae lank oor hom gerou.

Daarna het Farao toegelaat dat ek my eed aan my pa nakom. 'n Groot aantal mense het saam met my na Kanaän gereis. Ons het hom in die grot wat Abraham as 'n permanente begraaftplek gekoop het, die grot van Magpela, weggeleë.



## EK STEL MY BROERS GERUS

Na my pa se dood het my broers bang geword. Hulle het gedink ek gaan hulle terugbetaal vir al die kwaad wat hulle my aangedoen het. Hulle stuur toe vir my 'n boodskap wat lui dat voordat my pa gesterf het, hy hulle beveel het om vir my te sê: "Vergewe jou broers tog vir die groot kwaad wat hulle jou aangedoen het. Ons is dienaars van die God van jou pa en ons pleit dat jy ons sal vergewe. Hierdie boodskap het my hartseer maak. Onderwyl ek sit en huil, kom val hulle voor my neer en sê: "Ons sal u slawe wees!"

Ek sê toe: "Moenie vir my bang wees nie. Alles moes net so gebeur dat ek in my hoë pos baie mense se lewens kon red. Moenie bang wees nie. Ek sal self vir julle en julle gesinne sorg." Dit het hulle gerus gestel.

Toe ek 110 jaar oud was, het ek vir hulle gesê die Here sal hulle weer terugneem na Kanaän.

Hulle moes toe 'n eed voor my aflê dat hulle my liggaam sal saamneem wanneer hulle weer na die land van ons herkoms sou terugkeer. Hulle dit gedoen.